Publication: Die Burger (Kaap Stedelik)
Date: 18 Jan 2017
Page: 11

# Kry gesindheid eers reg; regte syfers volg dan

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Oor die wêreld heen is individue en instellings verbind aan prosesse van transformasie, omvorming, ingrypende verandering van een vorm of leefwyse tot 'n ander.

Transformasie is een van die prominentste temas in Suid-Afrika ná apartheid. In ons transformasiegesprekke moet egter teen eensydigheid gewaak word. Die edel saak van transformasie kan skade ly as ons nie bereid is om die komplekse polariteite te hanteer wat in die woordjie transformasie skuil nie.

Transformasie is tegelyk allesinsluitend en spesifiek; dit is tegelyk algemeen en kontekstueel. Dit beteken enersyds alle aspekte van 'n instelling soos 'n universiteit moet omvorm word. Dit beteken andersyds dat spesifieke en konkrete sake vernuwe moet word.

Generiese programme soos leer en onderrig, navorsing en sosiale impak, ko-kurrikulêre aktiwiteite, akademiese steundienste en internasionaliseringsinisiatiewe moet omvorm word.

Terselfdertyd moet spesifieke uitdagings aangepak word, soos eksplisiete en subtiele diskriminasie, verontmenslikende praktyke soos sommige verwelkomingspraktyke, die laer suksessyfer van veral swart en bruin studente, die lae getalle akademiese personeellede uit die aangewese groepe, die gebrekkige diversiteit van sakevennote, die name van geboue, standbeelde en portrette, asook temas soos verkragtingskultuur, dekolonisering en afrikanisering.

> **Transformasie wat nie maklik getel of gemeet kan word nie, is nie van mindere belang nie.**

Soms skep dit spanning as die fokus net op die generiese en algemene temas van transformasie val. Sommige beskou dit as 'n manier, selfs onbedoeld, om spesifieke, konkrete en pynigende transformasiesake te versag, verberg en ontwyk. Wanneer net op enkele, duidelik aanwysbare transformasietemas gefokus word, is die gevaar groot dat ons transformasie tot enkele kwessies reduseer en dat inklusiewe, standhoudende transformasie ons bly ontwyk.

Transformasie is tegelyk kwantitatief en kwalitatief. Ons kan verslag doen oor vordering met slaagsyfers, studente- en personeeldiversiteit, die hernoeming van geboue. Transformasiesake wat nie maklik getel en gemeet kan word nie, maar wat oneindig swaar weeg, durf egter nie as van minder belang beskou word nie.

Die omvorming van die institusionele kultuur is 'n prioriteit – die meestal onderbewuste, subtiele, verskuilde voorveronderstellinge, vooroordele, opvattinge, houdinge, gesindhede, gesigspunte, idees, denke, logika waarmee ons funksioneer. Sulke opvattinge impliseer dat die ander groep as minderwaardig beskou word, en dit baan die weg vir die daarstel van praktyke wat hierdie vernederende hiërargie bevestig.

Aandag aan die kwalitatiewe transformasie-uitdagings het 'n positiewe uitwerking op die kwantitatiewe kwessies. Paulus het juis hieroor geskryf toe hy 'n oproep gedoen het om die transformasie en vernuwing van ons denke, logika en kultuur (Rom. 12:1-2).

■ **Nico Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission